NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

tamsotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

www.ptawoodworkers.com

August 2011 **Augustus 2001**

Redaksioneel

Of ons dit wil weet of nie- hierdie jaar is daarmee heen. Ek sê dit eerstens omdat ons hierdie maand reeds ons uitstalling het (en dan is dit mos die einde van die jaar) verder begin die dae weer langer word, so dit dui mos op die laaste deel van die jaar.

Dit word werklik vertrou dat al ons lede op ‘n groot manier die uitstalling sal steun. Hier dink ons aan die bring van items vir die uitstalling, hulp met die voorbereidings, deelname aan demonstrasies en hulp met die dag se reëlings op die dag self. Diegene wat nie sodanig betrokke is nie moet tog maar kom om oë te wys en te sien wat die res vir hierdie jaar vermag het. Met die komitee se grootse poging om dinge te reël en die geleentheid te adverteer wil dit voorkom of ons nogmaals na ‘n uitstekende uitstalling kan uitsien. Moet verder nie vergeet om tog maar jou buurman, familie en vriende ook vir die dag saam te nooi nie. (As jy jou buurman kan oortuig om saam te kom kan jy dalk vir hom wys waarom jy soms soveel raas!)

Programme for August

The turners have already had a bonus meeting to celebrate womens day. From what I have heard it was a most successful meeting. The cabinetmakers had their monthly meeting on Saturday 13 August, which was too early for this programme to be of any use. However, for the rest of the month the following should be noted.

- **Saturday, 20 August, at 09h00:** The turners will have their monthly meet at Waldo Fourie’s workshop. The address is 226 Bessiebos Avenue, Wonderboom. Telephone 012 567 3316. The homework for this occasion is toys for the exhibition one week later.
- **Friday, 26 August, at 14h00:** The preparations for the exhibition will start at the New Hope School, Cicilia Street,Ashlea Gardens. Al the pieces to be exhibited to be left at the venue before 18h00 that evening. The ajudicating of the exhibits will take place on Friday evening, so have your entries there as soon as possible so as to help the ajudicators in getting the job done as early as possible.
- **Saturday, 27 August, 08h00 to 15h00. The exhibition of the Woodworking Association of Pretoria will take place.**
- **Wednesday, 31 August, at 18h00:** The monthly meeting of the association will once again be held at the Botany Laboratories at the University of Pretoria. (***Take note that this is not the venue that we have been using over the last couple of years.Go to the old place as the temporary venue is just across the foot bridge.)*** Professor Alewyn

Burger, retired head of the Department of architecture will be adressing us on South African wood and it's uses.

From the chair

During the Monthly Meeting in July, I informed the attendees that your Management Committee had been hard at work in organising various aspects of the Exhibition which will take place on **Saturday 27 August 2011 at the New Hope School from 08h00 to 15h00.** In order to make a success of the event it is now up to the Membership to assist in the following matters:

- Assistance in setting up on the Friday and various duties on the Saturday (A Duty Schedule was circulated again at the meeting);
- Posters and pamphlets were handed out for display and distribution;
- A publicity e-mail will be forwarded to members who should then forward it to their own contacts who might be interested in the event;
- Members need to bring in their items for the show which will be in the categories judging, exhibit only and for sale;
- The Committee has decided that **prizes** donated by the Suppliers which are of a specialist woodworking nature will be drawn at the August monthly meeting (31 August). **Please attend to qualify for the event and bring your membership card.** The topic for August is on South African indigenous wood-not to be missed!**;**
- Photographs of your products (especially cabinet work) are needed for projection at the Exhibition. Please send them to our Secretary, Neville Comins;
- An aspect which I did not mention as being self-explanatory is **the attendance of members at the Exhibition.** We really need your support and please wear the new shirts! We are hoping that they will arrive soon.

Ek het ook 'n lys versprei vir voltooing deur diegene wat in houtwerk teen betaling belangstel. Die lys sal op die webblad verskyn. Tans het sowat 11 lede al hul name verstrek. Ek hoop dat dit vir die lede en die publiek van nut sal wees.

Die vergadering in Julie se onderwerpe was Projek Plank (Speelgoed vir die Nuwe Hoop Skool) en 'Aids and Gadgets'. Die aantal speelgoed was ietwat teleurstellend. Lede word aangemoedig om nog speelgoed te maak en dit by die Uitstalling in te handig. Ons het ook heelwat van die 'Brian Addis se Stoele' ontvang.

Groete

Paul Roberts

Voorsitter / Chairman

Previous meeting

As was mentioned in the chairman's report, above, Project Plank and Aids an Gdgets were the topics of this meeting. Although Project Plank may have been somewhat of a disappointment, we still had a lot to look at. The aids and gadgets once again showed the ingenuity of our members. The following is a list of the winners in both categories:

Toys:

1st Prize: Leon Wolmarans

2nd Prize: Paul Roberts

3rd Prize:Pieter Nel

Aids and Gadgets

1st Prize:Douglas Lock- Finger joint jig

2nd Prize: David Malan, hollowing jig

3rd Prize: Leon Wolmarans, mitre jig for tablesaw

Thank you to all those who particepated in this event and congratulations to the above winners.

For the record we include the following photos:

Members having a closer look

Puzzles by Paul Roberts

Chairs for the New Hope School – Project

Draaiers se hoekie

Die draaiers was op Saterdag 23 Julie in die werksplek van Dries du Toit vir die gebruiklike maandelikse vergadering byeen. Die relatief klein bywoning ten spyt, het die aanwesiges daarvan ‘n gesellige en leersame geleentheid gemaak. Vir almal was daar gevolglik ook meer van Margaret se lekker beskuit.

Die huiswerk-oes was maar skraal met slegs Leon Wolmarans en Kobus Mostert wat uit-senter-uit-draaiwerk probeer het. Die ander bydraes was soos gewoonlik baie interessant en ook van ‘n hoë gehalte. Die stukke wat die oog gevang het was Leon se kalbas, Andrew se fyn holvorms en David se gesegmenteerde vrugtebak. Soos gebruiklik het David volledig uitgewy oor die presiese omvang van die werkstuk met ‘n verduideliking van al die pasmate (jigs) wat hy vir die stuk voorberei het. Nadat hy al die honderde blokkies gesaag en in ‘n plat vlak aan mekaar gelym het, het hy die verskillende lae van die bak op sy bandsaag uitgesaag en weereens gelym om die finale vorm te kry. Voorwaar ‘n omvangryke taak wat heelwat tongklikke van bewondering uitgelok het.

Die huiswerksessie is met die evaluering van drie gekose stukke afgesluit. Hiervoor is slegs hul ontwerp beoordeel met die klem op die kunstigheid daarvan. Baie goeie, opbouende kritiek is met gepaardgaande motiverings gelewer. Dit was ook opvallend dat almal met

groot vrymoedigheid daaraan meegedoen het, hoewel almal, soos verwag kan word, nie altyd met al die menings saamgestem het nie.

Slegs enkele van die administratiewe sake word hier genoem.

Die belangrikste was die tref van reëlings vir ons jaarlikse uitstalling op 27 Augustus. Alles is nog nie in plek nie, maar onderhandelinge met al die draaiers gaan voort.

'n Klein komitee, met Jack Munting as sameroeper, is saamgestel om die hele kwessie van beoordeling van draaistukke te bespreek en ondermeer oor voorgestelde kriteriums deur Mev Grietjie Haupt, te besin. Daar is ook besluit om vir vanjaar se uitstalling met die bestaande kriteriums te volstaan.

Kort voor ons vir die pouse en die lekker beskuit verdaag het, het Leon Wolmarans ons vergas met al sy pasmate en resepte vir die draai en afwerk van sy penne. Almal het dit geniet, maar meer so met groot bewondering gekyk na die "juweelkissie" waarin hy al sy benodigdhede vir sy pennedraai saamdra en bêre.

Ná pouse het Jack Munting aan ons die fynere kuns gedemonstreer om sy pragtige draaitolle te maak. Die draaiers sal tydens die bonus-byeenkoms op Vrouedag (Dinsdag 9 Augustus) geleentheid kry om al Jack se metodes en tegnieke toe te pas en ook sulke draaitolle te probeer maak. Uiteindelik was almal verbaas oor hoeveel detail daar in elkeen van die tolle is.

Die amptelike Augustus-byeenkoms is gereël vir **Saterdag 20 Augustus** by Waldo Fourie. Sy adres is **Bessieboslaan 226**, in Wonderboom. Die byeenkoms sal ook om 09:00 begin. Die huiswerk vir daardie geleentheid is speelgoed of 'n ander mooi stuk vir ons uitstalling 'n week later.

*The next official meeting of the turners is scheduled for **Saturday 20th August** in the workshop of Waldo Fourie. His address is **226 Bessiebos Avenue** in Wonderboom and the meeting will commence at 09:00. Homework for the day is toys or something special for our annual exhibition one week later.*

Lou Coetzer

Die klein maar diverse groep huiswerkstukke met Hannes se Jakaranda-bak wat bo almal uittroon.

(Die draaiers het ook op vrouedag 'n spesiale vergadering gehad. Meer hieroor in volgende maand se ***Tambotie)***

David Malan verduidelik die gebruik van ‘n pasmaat vir sy mooi bak.

Jack se kleurvolle draaitolle. Die voorste twee lê op ‘n holgedraai de blok waarop die tolle kan spin sonder om af te val.

Kennisgewings

Powerdek in Gezina het van perseel geskuif, gelukkig in dieselfde sentrum: Vanaf die oostelike kant van die sentrum het hulle na die mees westelike winkel verhuis, dit is basies op die hoek van 12 de laan. Dit is ‘n groter perseel. Hul telefoonnommer bly dieselfde

Houtwerk teen betaling

Die voorsitter het die inisiatief geneem om ‘n lys saam te stel van sodanige lede van die vereniging wat bereid/ begerig is om houtwerk teen betaling te verrig. Die gedagte is om die lys dan te versprei ook deur die webblad. Dit kan moontlik kliënte by die werkers uitbring. Daar is reeds ‘n redelike hoeveelheid lede wat hul name by die vorige vergadering op die lys geplaas het. Ons wil seker maak dat alle belangstellendes se name op die lys kan kom alvorens dit gepubliseer of verder versprei word. Belangstellende moet asb. verseker dat hulle vir Paul Roberts voor die einde van Augustus verwittig . Meld ook die tipe werk wat jy kan of wil verrig. (Onthou, die betaal reëlings en detail van die werk moet tussen die lid en die kliënt gemaak word.)

Nuwe lede

Ons het oor die afgelope maand twee nuwe lede ryker geword. Ongelukkig het ***Tambotie*** nie hul besonderhede ontvang nie. Ons wil intussen ‘n welkom sê aan: D J Marais en DJ Wolmarans. Ons vertrou dat hulle maklik sal inskakel.

Advertensie

Vir al diegene wat ernstige houtwerk wil doen is hier ‘n geleentheid om ernstige gereedskap te bekom.

Wie dit mag aangaan

Hierby aangeheg lys en fotos van houtwerkmasjinerie wat te koop aangebied word

Pryse op aanvraag beskikbaar

Kontaknommer: 071 679 1204 / 0794409847

Faks no :0865663866

Gert Botha

Bandsaag SP500

Spindle SS512 +AF FEEDER

Dust collector CA2C

Robland paneelsaag Z320



Surface Planer J127L

Dikteskaaf CT508